## Die afsterwe van voormalige Minister Pravin Gordhan, 'n vreeslose ambassadeur vir openbare dienslewering

**Tshwane, 13 September 2024** - Vandag is 'n dag van onpeilbare hartseer met die afsterwe van die geliefde voormalige Minister Pravin Gordhan, aan baie van ons liefderyk bekend as "PG", merkwaardige leier wie se bydraes tot die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) en ons nasie, vir generasies nog onthou sal word.

"Die bydrae van Pravin Gordhan mag dalk nooit werklik verstaan en waardeer kan word deur miljoene Suid-Afrikaners nie. Vir die van ons wat die voorreg gehad het om nou met hom saam te werk en hom werklik te leer ken het, het geleer dat hy 'n man is wat werklik toegewyd is om by te dra tot die verandering van Suid-Afrikaners se lewenskwaliteit," was die sentiment van Kommissaris Edward Kieswetter toe Pravin Gordhan in 2009 as minister van finansies aangestel is.

As kommissaris van SARS van 1999 tot 2009, was dit PG wat die nosie ingelui en geëvangeliseer het van SARS wat bestaan as 'n hoër doelwit van instaatstelling van die regering om 'n bekwame, demokratiese staat te bou wat volhoubare ekonomiese groei en maatskaplike ontwikkeling koester in die belang en welstand van alle Suid-Afrikaners. Dit was hy wat die organisasie op 'n pad geplaas het wat ons tot vandag toe stuur en inspireer en nog vir dekades sal. PG was, sonder twyfel, die een wat die fondasie vir 'n moderne belasting- en doeane-administrasie gelê en gekonsepsualiseer het.

Pravin Gordhan se leierskap en onwrikbare toewyding aan openbare dienslewering, het 'n onuitwisbare merk op Suid-Afrika se ekonomiese landskap gelos. As sleutelfiguur in SARS, het hy beleide en hervorminge gelei wat die organisasie versterk het en dit tot 'n wêreld-gerespekteerde inkomstediens transformeer het. Sy ampstermyn is gekenmerk deur 'n onversetlike toegewydheid tot integriteit, goeie wetstoepassing en toerekenbaarheid, wat verseker het dat SARS 'n steunpilaar vir die nasie se fiskale welstand geword het.

Naas sy noemenswaardige werk by SARS, het hy Suid-Afrika met onderskeiding in verskeie leierskapsrolle gedien as minister van finansies, minister van samewerkende regering en tradisionele sake, en minister van openbare ondernemings, waar sy moed en vooruitsig die land deur uitdagende tye gelei het. Sy lewenslange toewyding om 'n regverdige en geregtige samelewing vir almal te bou sal toekomstige generasies van openbare diensknegte en leiers bly inspireer.

"Ek sal hom onthou as 'n toegewyde sosiale aktivis wat sy lewe aan die stryd gewy het en die verbetering van materiële omstandighede vir Suid-Afrikaners. In 'n tyd toe ons in die ystergreep van staatskaping was, was dit PG wat vreesloos vir geregtigheid en gelykheid geveg het. Hy het met mannemoed van sy diep oortuiging gepraat en nie die geweldige koste aan hom en sy familie in berekening gehou nie", het Kommissaris Kieswetter gesê.

Ons betreur die verlies van 'n ware patriot, sosiale aktivis en 'n ware leier. PG was 'n lewenslange revolusionêr, 'n strydheld wat apartheid onwrikbaar gekonfronteer het - in die openbare arena en op ondergrondse terrein. Na 1990 was hy die voorsitter van die oorgangsregering en deel van die CODESA-onderhandelinge. Sy nalatenskap sal SARS en Suid-Afrika bly lei in hulle strewe na etiese wetstoepassing en ekonomiese geregtigheid.

Ons gedagtes en gebede is met sy vrou, Vanitha, en dogters, Anisha en Priyesha, en sy uitgebreide familie en vriende wat sy liefde en vriendskap ervaar het, en aan almal wie se lewens deur sy visionêre leierskap en toewyding aan openbare dienslewering geraak is.

Suid-Afrikaners bly verskuldig aan sy onbaatsugtige opofferings en lewenslange dienslewering. Pravin Gordhan het tot die bitter einde 'n vurige vegter gebly. Mag sy siel in vrede rus.

"Dankie, Pravin, en hamba kahle!"

*Vir meer inligting, kontak SARSMedia@sars.gov.za*.